Seleksie vir volhoubare en winsgewende skaapboerdery

'n Groep ramme van Nooitgedacht Dorperstoet wat op veilings aangebied sal word.

'n Tafel kan nie staan of stabiel wees sonder al vier sy pote nie en so benader ons teling: met vier bene vir stabiele en volhoubare sukses vir ons, ons kudde en ons kliënte.

Die eerste been is vrugbaarheid: 'n ononderhandelbare doelwit waarvoor genadeloos geselekteer word. Ons en ons kliënte wil soveel lammers as moontlik hê, met die kortste moontlike interlam periode. Dus moet interlam periodes tot onder 300 dae beperk word. Ooie moet minstens net soveel lammers as lam kanse gehad het en as ideaal 1,5 lammers per lam kans gemiddeld oor drie jaar produseer.

Tweedens is funksionele en doeltreffende eienskappe soos loop-, vreet-, natuurlike paar- en lam vermoë, baie belangrik. Dit help nie die ooi is vrugbaar, maar maak haar lam swak groot of kan haarself nie in ekstensiewe omstandighede handhaaf nie. Sy moet oor genoeg melk en goeie moeders eienskappe beskik .

Die derde been waarop ons teling staan is bouvorm en die verbetering daarvan asook die handhawing van ras standaarde. Bouvorm verhoog die vermoë om vleis te dra, terwyl dit funksie vervolmaak. Derhalwe is bouvorm die strewe na die "volmaakte" dorper wat deur korrektiewe en progressiewe paring nagestreef word.

Vierdens is vleis die finale produk waarmee die land gevoed word en waarmee die skaapboer se voortbestaan verseker word. Hier speel bestuursinligting 'n groot rol. Bestuursinligting soos die speen- en na-speen indekse is baie belangrik, want dit beteken daar kan geselekteer word vir groeisnelheid en meer vleis, wat weer meer inkomste beteken. Met korrekte bestuursinligting word die ooie met die beste reproduksie agtergrond en die beste groei indekse geïdentifiseer en kan daar dan uit hierdie groep, ooie geselekteer word om as vervangings-ooie te gebruik.

· Vir die boerdery is Dorpers en al die Dorper-mense 'n passie. Besoek ons gerus op die Nooitgedacht, 55 km buite Kenhardt op die Vanwyksvlei pad, by die Dorperland Elite Veiling te Upington, 23 Februarie, Loeriesfontein Veiling 13 September of by die Upington Nasionale Veiling op 1 November.

Isabel Saunderson staan hier by Beyers Mallo, bestuurder van Veekos SAMIC Slaglam wen karkas, asook groep van drie wen karkasse.

· Besoek hul webwerf www.dorpers.co.za

Lam persentasie is die gevolg van goeie bestuurs- en seleksie praktyke.

Mnr. Charl Saunderson met Snowball